# 11 Mei - HANDEL

**Skrifgedeelte: Lukas 19:11-27 (OAV/NAV)**
**Fokusgedeelte: Lukas 19:13**

Meeste mense ken die gelykenis van die talente. Baie verstaan dit verkeerd. 'n Mens moet byvoorbeeld eers seker maak van watter gelykenis jy praat. Jesus het immers *twee* gelykenisse vertel waarin 'n eienaar munte aan sy mense uitgedeel het en later terugkom om te hoor wat hulle daarmee gemaak het – hier in Lukas 19 én in Matteus 25.

Waar die eienaar in Lukas vir *tien* van sy slawe *élkeen één* goue munt gee, gee die eienaar in Matteus vir *drie* van sy slawe elkeen 'n ander getal: vyf, drie of een. Uit die Grieks is dit duidelik dat hierdie munte ook baie meer werd was as die enkele goue muntstuk wat die ander slawe gekry het (Luk 19:13). Ons manier om te sê dat iemand 'n talent vir iets het, kom juis van die Griekse woord "talanton" wat Matteus vir hierdie goue munte gebruik. 'n Talanton was sommer baie waardevol.

Dis egter net hier waar baie mense se misverstand begin. Hoewel die gelykenisse plek-plek verskil, is die ooreenkomste belangriker. Nie een van hulle gaan byvoorbeeld soseer oor wat elke mens doen met die vermoëns waarmee die Here jou geskep het nie. Die gelykenisse gaan nie maar net daaroor dat almal van ons een of ander iets in die lewe kan regkry en daarom nie "daardie talent moet begrawe nie". Nee. Beide gelykenisse staan in die teken van die koninkryk van Jesus Christus (Luk 19:11; Matt 25:1, 14).

Beide gelykenisse gaan oor wat Jesus ook al vir jou gee om *in en ter wille van sy koninkryk* te gebruik. Dis waaroor Hy eendag rekenskap van jou gaan eis.

Handel daarom met jou koninkrykstalent soos wat Hy jou beveel (Luk 19:13) totdat Hy kom. Woeker daarmee tot voordeel van sý koninkryk, nie jou eie nie. Dan sal jy ook eendag by die Koning kan hoor: "Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom deel in my vreugde."

*Sing: Psalm 86:3, 6 (1936-beryming)/Psalm 119:1, 8, 14 (2001-omdigting)*

*Ds DF Muller (Buffeldoorns)*